

VOORDRAG BY DIE OOS-KAAPSE KONFERENSIE VIR KERK-HERENIGING

Ds Hansie Schutte (3 Maart 2007)

Efes 3:14-21

Iemand sê anderdag in 'n gesprek : *Julle sukkel so om die familie van NG Kerke herenig te kry omdat julle so sukkel om lief te hê.*

Ek het dadelik gewonder : *Wat bedoel hy nou? Waarom sê hy so?*

Julle wil mos as kerke een word - dan nie? As 'n mens een word met iemand wat jy liefhet - soos in 'n huwelik - sukkel jy mos nie so nie! Jy dink mos nie so erg baie aan al die moontlike konsekwensies en komplikasies van die huwelik nie! Jy doen dit net - want jy het haar mos lief!

Sy opmerking het my diep geraak en lank laat nadink. Ek vermoed hy is dalk reg - ons sukkel om een te word want ons sukkel met die liefde! Ons vrees mekaar en voel bedreig deur mekaar, want ons sukkel met die liefde! Ons probeer om allerlei veiligheidsmeganismes in die proses tot by kerkhereniging (en daarna) in te bou, want ons sukkel met die liefde! Sommige is bang hulle word in die groter kerk ingesluk, en ander is bang dat hulle op die transaksie gaan verloor, want ons sukkel met die liefde!

Ons sukkel as kerk só met die liefde dat 'n mens plek-plek hardop wil wonder : *Is ons nog Kerk?*

Praat ons nog in hierdie eenwordingsgesprekke die taal van die Kerk?

Klink ons nie al hoe meer in ons sg onderhandelinge met mekaar na 'n klomp politici wat met KODESA-onderhandelings besig is nie?

Die taal wat ons praat klink al te dikwels na politieke taal, onderhandelingstaal, beveiligingstaal, na die taal van vyande - allermens klink dit na die taal van geliefdes, van broers en susters, van die kerk.....

Ek wens ons het meer tyd gehad om na hierdie pragtige gebed van Paulus vir die Efesiërs te kyk. Dis 'n gebed vir die Kerk - dis 'n gebed ook vir jou en my! En dis 'n gebed wat die kern van kerk-wees aanspreek. Ek kry die gevoel dat die apostel hier wil sê :

As hierdie dinge wat ek nou hier bid nie van julle waar is nie, is julle nie Kerk nie. Al is julle hoe talryk in lidmaattal en ryk in eiendom en beleggings, en is julle leraarskorps ook hoe deeglik en doelmatig opgelei, en werk julle ook volgens die wonderlikste diensprogramme : as hierdie dinge nie van julle waar is nie is julle 'n leë dop - speel julle kerk-kerk - bluf julle julself!

Hy bid vir drie dinge - en ek gaan vinnig oor die eerste twee :

1. Hy bid dat ons deur die Heilige Gees die krag sal ontvang om innerlik sterk te word - dat die Gees ons sal vernuwe om meer en meer soos Jesus te wees - om elke dag vars en nuut te glo - mense bekragtig deur God se Gees - mense klein in hulleself, maar sterk en onverskrokke in die Here - mense van wie dit waar is dat hulleself steeds minder word, maar Jesus Christus steeds meer.....

2. Hy bid voorts dat Jesus Christus deur die geloof in ons harte sal woon - dat ons woonplek van Jesus sal wees - dat ons gemeentes en kerke Christus se adres sal wees - dat ons in ons gemeenskappe en wêreld die plek sal wees waar mense Hom kan ontmoet.....

3. Maar dan bid hy ook dat ons in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.

Dis duidelik : die prentjie wat Paulus sien as hy hier skryf en so bid is dié van ‘n boom waarvan die penwortel baie diep in die grond ingaan - die boom is die kerk, bestaande uit blare en takke en stam en wortelstelsel, en die penwortel is geanker in die liefde.

Iemand sê vir my dat die kameeldoringboom, wat so volop in Namibië is, se penwortel tot 100 meter diep kan groei. Paulus sê dat die diepgrond waarin die kerk geanker staan - waarin ek en jy geanker moet wees - die diepgrond is van God se liefde!

Liefde is die kern van die Kerk. Daarsonder is ons nie kerk nie! Al praat ons dalk plek-plek die tale van mense en engele - sonder die liefde is ons stukke klinkende metaal, ‘n galmende simbaal - baat alles ons net mooi niks!

Paulus sê meer oor hierdie liefde in sy gebed - hy bid dat ons elke dag onder die diepe indruk sal kom van God se liefde *wat sonder grense is (v 18)* - dat ons die liefde sal ken en dat dit ons oorstelp en *verwonderd* sal laat (v 19) - en dat ons *heeltemaal vervul sal word met die volheid van God (v 19b)* - dit is die liefde, want *immers is God liefde!*

As dit gebeur - as ons as kerke wortel en grondves in die liefde - word die liefde ons taal - word dit die vrug aan die boom, maar ook die blare en takke en stam en wortels. Dan stempel dit ons gesprekke - ons kerklike en persoonlike lewens - ons vergaderings - ons kerkwees - ons sg *onderhandelings* oor kerkhereniging. Dan sal ons nie ‘n ander taal ken nie - en sal ons ook nie oor die liefde uitgepraat raak nie - en sal die ander *geliefdes* en die gawes wat God aan hulle gegee het

ook vir ons kosbaar wees!

Dan word die kerk - ook die droomkerk - die herenigde kerk - in Van Ruler se woorde *'n katedraal van die liefde!*

'n Droom? *A pie in the sky when you die?* Onmoontlik? Nee! Vers 20 sê dat God wat in ons werk by magte is om dit waar te maak, want Hy is by magte om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink!

Maar kom ons wees eers weer kerk : *kom ons eet en praat en slaap en leef die liefde!*

Hansie Schutte
Oos-Kaapse Konvent vir Eenheid
CRADOCK
3 Maart 2007